



# HOËRSKOOLOOS-MOOT LIGTE MUSIEKORKES HOOGTEPUNTE 2019

## “THE PIANO WHISPERER”

Hoërskool Oos-Moot het vanoggend die voorreg gehad om Werner Stolze, "The Piano Whisperer" van WS Piano's in persoon te ontmoet.

Die skool se vleuelklavier is 'n paar maande gelede afgehaal en vervang met 'n NUWE, GEBORGDE vleuelklavier wat vanoggend, 15 Augustus 2019, by die skool afgelewer is.

Ons opregte dank aan Werner en Naomi Stolze van WS Pianos vir hierdie ongelooflike borgskap. Ons waardeer jul belangstelling in ons skool en sien daarna uit om 'n lang en suksesvolle kultuurpad saam met julle te stap.

Jul het ons droom verwesenlik om die Oosies weer die ryk en suiwer klanke van 'n nuwe vleuelklavier te laat beleef en te kan bespeel. Bekendes wat in die verlede hierdie klavier bespeel het was: Coenie de Villiers, André Swarts en Rocco de Villiers.

Ons is werklik bevoorreg om hierdie klavier in ontvangs te kon neem. Maestro Danie (Ligte Musiekorkes) is in die wolke.



SPONSORED BY

WS Pianos  
THE PIANO WHISPERER



# HOËRSKOOL OOS-MOOT

## LIGTE MUSIEKORKES HOOGTEPUNTE 2019

### “THE PIANO WHISPERER”

Mnr Danie Smith, ons orkesdirigent was gedurende die Suid-Afrikaanse Kompetisie in die bevoorregte posisie om met me Naomi Stolze van Werner Stolze Pianos kennis te maak. Werner Stolze Pianos het die SA-kompetisie met 'n pragtige vleuelklavier geborg.

In hierdie tyd het me Stolze met ons Maestro begin onderhandel en gou agtergekom dat Hoërskool Oos-Moot 'n hart van goud het, baie omgee vir sy leerders en die gemeenskap. WS Pianos deel hierdie passie met Oos-Moot en het besluit hul wil graag iets vir die skool doen.


Mnr Smith was baie dankbaar vir hierdie aanbod en het WS Pianos gevra of hul kan help om Oos-Moot se vleuelklavier te herstel. So gesê, so gedaan. WS Pianos het die vleuelklavier uitmekaar kom haal, gelaai en is besig om hom KOSTELOOS, tot sy volle glorie, vir ons te RESTAUREER.

Dit is 'n ongelooflike borgskap van R85000+ wat ons Oosie-harte, musieknote laat klop. Dit is 'n reuse borgskap wat in ons skool se geskiedenis sal uitstaan.

Ons is baie opgewonde en kan nie wag om te sien hoe ons nuwe skimmel vleuelklavier gaan lyk nie.

### ORKES

Die orkes se ledetal het in 2019 van 37 na 55 lede vermeerder. Die orkes se instrumentasie bestaan tans uit strykers, dwarsfluite, klarinette, saksofone, trompette, trombone, eufoniums, tubas, dromstel, timpani's kitare en perkussie-instrumente.







# HOËRSKOOL OOS-MOOT

## LIGTE MUSIEKORKES HOOGTEPUNTE 2018

### ORKES

Die orkes was in 2018 in die bevoorregte posisie om die Suid-Afrikaanse Skoolorkeskompetisie by Oos-Moot aan te bied en het vir die **tweede, agtereenvolgende jaar** die **afdeling Beste Ope-Konsetorkes** gewen (Gauteng-Noord) en vir die **eerste keer** die **Algeheel Beste Indruk, Konsertdissipline en Netheid** afdeling.

